# VAN ONS SUSTERS

Ek glo almal is kliphard besig om iets te doen vir ons WINTERFEES wat vanjaar DV op **20 Junie**, plaasvind.
Kan die wyksusters asb hulle lyste teen Dinsdag by Marli ingee? Marli sal dan vir die tafelsameroepers laat weet wat hulle kan verwag. Ek wil dit graag vir elke suster op die hart druk om iets by te dra, al dink jy ook dit is gering. Niks is te klein nie.
By voorbaat baie dankie!
Mag dit 'n geseënde week wees!
*Groete Alta*

**DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS**

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: (Potchefstroom.

# DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**
Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta.
*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 19 Sondag 7 Junie 2026
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel 082 864 4422**
rudynell@jenny.co.za

**Eredienste**: 09:30 en 17:00
**Kantoor 018 294 4600**
**Orrelis: Paul Schutte**
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste en Huis Eikelaan:**
**Ouderling:** Wyk 13 **Paul Schutte. Diaken:** Wyk 13 **Riaan Schutte**
**Teebeurt: Susters van Wyke 1 & 2 Leané Landman en Wilmarie du Plessis**

**EREDIENSTE** Oggend diens ds Jannes van Dyk, middag Rynhardt Landman

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens 9:30, aanddiens 17:00 Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND** Baie welkom en baie dankie aan Janru Smit wat vanoggend weer vir ons die begeleiding waarneem.

**Woordbediening:** 1 Samuel 24; Romeine 12:9-21.

**Fokusvers:** 1 Samuel 24:16; Romeine 12:21.
**TEMA:** *Vertrou die onreg wat jy ly aan die HERE toe, Hy sal jou saak verdedig.*
**Sing:** Psalm 26: 1, 2, 6; Psalm 147: 1, 2, 4; Psalm 119: 3, 5; Psalm 43:1, 2, 3; Psalm 37:1, 5; Psalm 98:1, 2, 4.
**Sing met meelewing:** Psalm 27: 4, 6.

**EREDIENS om 17:00**
Baie dankie aan Rynhardt Landman wat ons in die erediens voorgaan en Catrien Wentink wat vir ons die begeleiding waarneem.
**Woordbediening:** Miga 6:1-8. **Fokusverse:** Miga 6:5, 8.
**TEMA:** *God bewys sy getrouheid deur sy regverdige dade, reageer op dit met 'n ware godsdiens soos Hy van ons eis.*
**Sing:** Skrifberyming 2-2 [34]:1, 3; Psalm 145:1, 4, 10; →

Psalm 138:1, 3; Skrifberyming 8-1[14]:1, 2;
Skrifberyming 11-4 [55]:2, 3 (na die wegstuurseën).

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die ***Uitdra van die Evangelie.*** Volgende week: **Geopende Deure**
**MIDDAG:** Diens van Barmhartigheid (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**
**Prof Chris van der Walt** van die TSP sal vanmiddag om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Ouderling Paul Schutte sal die toesigbeurt waarneem

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL** Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
**Tjaart du Plessis** het die afgelopwe week in die Here ontslaap. Ons bid Ettie en haar kinders die ryke vertroosting van die Here toe en ons dank Hom vir die besondere vrede wat Ettie in hierdie tyd ervaar. Toe die afkondigings voorberei is, was begrafnisreëlings nog nie bekend nie.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**André Joubert** wat nog sukkel met sy suurstofvlakke.

**Susan Nortjé** wat nog in Mooimed Hospitaal is.

**Ria Buys** 073 697 6931 wat palliatiewe sorg in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan ontvang.

**Flip Mostert** het Maandag 'n geslaagde operasie in Die WIlgers Hosptiaal ondergaan. Die chirurg het die verwagting gehad dat Flip moontlik Vrydag ontslaan sou word.

**Dana du Plessis** het die afgelope week chirurgie in die Wilgeheuwel Hospitaal in Roodepoort ondergaan.



Beide **Pieter Bouwsema** en **Malie Wyma** het die afgelope week oogprosedures ondergaan Ons bid hulle beterskap toe.

*Ons doen voorbidding vir ons broers en susters wat in die onderskeie versorgingseenhede versorg word:*
***Huis Eikelaan:*** Srs. Lily Pretorius, Mien Prinsloo, Emmarensia Stoop, Johanna van Vuuren, Ria Serfontein, Hermien van der Spoel en Willie van der Walt.

***Ons Hulde:*** Sr. Rita Schutte.

***Groenwilgers:*** Sr. Annatjie Kruger.

***Huis Anna Viljoen:*** Brs. Peet Buys en Fanie Coetzee, srs. Nanna du Plessis, Jeanette Fourie, Ronnie van Tonder en Tienie Venter.

***Samuel Broadbent:*** Sr. Dolene Venter.

*Daar is ook 'n aantal van ons broers en susters wat in die dorp woon wat vanweë gesondheid en verswakking nie die eredienste kan bywoon nie:* sr. Ria Esterhuizen, sr. Cathrien de Jager, sr. Estie Duvenage, sr. Anna Havenga, sr. Suzie Marais, sr. Lettie Vorster, sr. Anneke Markgraaf, br. Bennie en sr. Wouna van der Berg.

**DANKBAARHEID**
Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**Anne van der Walt** 082 925 5208 het Maandag 'n agterkleinseun ryker geword.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.
Ons is dankbaar dat **Anita Stavast** verlede Sondag al saam met ons in die erediens kon wees nadat sy vir 'n klompie weke by hulle kinders in Engeland gekuier het.

**HUWELIKSHERDENKINGS**

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

## *VERJAARDAE*

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| So | 07/06 | **Amanda du Plessis**. Wyk 7 |
| | | **Pieter Glöy (83)**. Wyk 12 |
| Ma | 08/06 | **Leandré Swart**. Wyk 3 |
| Wo | 10/06 | **Nicolene Coetsee**. Wyk 9 |
| | | **Wouna van der Berg**. Wyk 8 |
| Do | 11/06 | **Prof Callie Coetzee (81)**. Wyk 12 |

**Bede met meelewing:** Psalm 27: 4 en 6

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 1 & 2

Leané Landman en Wilmarie du Plessis nooi



almal uit om na die erediens

'n koppie tee of koffie

in die kerksaal te kom geniet





## ALGEMENE AFKONDIGINGS

**DAGBOEK**

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 07/06 | 15:30 | Huis Eikelaan erediens Prof Chris van der Walt | Kapel |
| Do | 18/06 | 10:30 | Bybelstudie, 2 Korintiërs | Ou Kerkie |
| **Sa** | **20/06** | **08:30** | WINTERFEES | **KERKTERREIN** |
| So | 28/06 | 15:30 | Erediens Huis Eikelaan prof BJ de Klerk | Kapel |

**KATKISASIE**

Ons bid ons katkisante die seën van die Here toe met die eksamens wat nou afgelê word. Alhoewel hulle saam met hulle ouers die samekomste van die gemeente op Sondae bywoon, is daar in die eksamentyd geen katkisasie nie. Saam met hulle ouers bly katkisante tuis op datum met hulle werk.

**BYBELSTUDIE:**

U word hartlik uitgenooi om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel:

Die Bybelstudiegroep wat Donderdagoggende bymekaar kom, sal eers weer op 18 Junie bymekaarkom, aangesien die kerksaal ook as eksamenlokaal gebruik word.

DIe Bybelstudie by Huis Eikelaan staan oor tot verdere kennisgewing.

**DATUM OM TE ONTHOU**

**20 Junie** WINTERFEES

van die Susters